


SSK

WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

September 2017

God boer met Genade (Murray Janson)

# LANDBOU IN 2017: DIE UITKRING EFFEK
# AGRICULTURE IN 2017: THE SPIN OFF

*(Uittreksel uit Voorsittersverslag deur Michael Dippenaar):*

SSK se hoofoogmerk en -doel is om 'n omgewing te skep waar u, die lede, en produsente, in staat gestel word om in alle opsigte u eie welvaart- en vooruitgang te optimaliseer.

As ons terugkyk na die finansiële jaar wat verby is, kan ons nie anders as om ons Skepper te dank vir soveel seëninge nie. Dit is ook so dat daar tans in die gemoed van menige boer en landbouer in die gebied 'n diepe kommer is oor die toestande wat tans heers, maar ook hier kan ons weet dat Hy op Sy tyd die uitkoms sal bring en dat Hy ons geloof sal sterk hou.

Perusing the most recent agricultural reporting and - literature one is struck by mainly two aspects:

The first is extremely negative and focusses on the government of the day and its total lack of insight into, and comprehension of, the realities of the modern agricultural world. It furthermore shows that South Africa does not have a coordinated agri-cultural policy in line with international commercial strategy. The picture worsens considerably when one considers our weak economy, escalating unemployment and poverty, appalling service delivery, protest actions, greed and self-enrichment. Raiding and high jacking of government institutions, wide spread corruption and attempts to take control of Treasury all aggravate the damage to the agricultural- and rural environment.

The second is extremely positive and focuses on the mind blowing opportunities, both locally and internationally, for SA Agriculture. It emphasises the role that agriculture can play as contributor to economic growth, job creation, poverty relief and food security. The sector has massive potential for development, not only in South Africa, but also in the rest of Africa.

Die Landbousektor het geen ander keuse as om self sy eie heil uit te werk en

*Vervolg op bls.2*



**Johan Muller, oud-Springbok en boer van die plaas Patrysfontein distrik Mosselbaai, lewer die sekondantsrede**



**Neels Uys (regs) is as wenner aangewys van die SSK Skole Graanprojek. Henk de Beer Hoofbestuurder: Bedrywe oorhandig die toekenning**




**Die trotse ontvangers van die Hoofbestuurstoekenning by die Algemene Jaarvergadering:** V.l.n.r Henk de Beer (Hoofbestuur), Villiers van Veen (Hoofbestuur), Johan Olkers (AgriLand Heidelberg), Oeloff Badenhorst (Hoofbestuur), Michiel Beyers (Veevoer Vervaardigers Karringmelksrivier), Morne Goosen (IT Swellendam), Jaco Jonker (Pakmateriaal Haarlem), Jacob September (Riversdal Silos), Michael Dippenaar (Voorsitter) en Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte).

www.ssk.co.za

SSK

**Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling en rekening- en transaksie inligting.**
**Please visit and like our SSK Facebook page and follow us on Twitter to keep up to date with happenings in our area.**

# LANDBOU IN 2017: DIE UITKRING EFFEK
# AGRICULTURE IN 2017: THE SPIN OFF

Vervolg vanaf bls.1

hierdie uitdagings te oorkom nie. Ernstige pogings moet aangewend word om 'n gunstige omgewing vir boere en landbou-besighede te skep om te kan produseer, verwerk en bekostigbare voedsel in genoegsame hoeveelhede aan die verbruiker te verskaf. Die Landbousektor moet egter hierdie gunstige omgewing self skep en verandering, aanpassing en groei is ononderhandelbaar ten einde kompeterend en komplemeterend te bly.

SA het 'n veranderende tsoenami nodig: 'n golf wat deur die wurggreep kan breek van die "wat-kan-ek-daaruit-kry?" sindroom. 'n Golf wat beter houdings, sterk en doeltreffende leiers en hernude ekonomiese aktiwiteit na die oppervlak kan bring. Gemeenskappe, die sakewêreld, akademici en die regering moet op produktiwiteit en integriteit begin klem lê. Dis nie iemand anders se probleem nie… dis my en jou probleem. Ons moet 'n doeltreffende, ekonomies-sterk samelewing help bou.

Dít gesê, hiermee 'n paar opsommende gedagtes oor wat hierdie veranderde "tsoenami" van die landbouer gaan vra:

- Ten einde vernuwing en verandering, ook in ons denke teweeg te bring, gaan dit waarskynlik van elkeen van ons vereis word om ons gemaksones te verlaat en af te wyk van ou bekende weë. As dit so is, dan is dít wat oorlewing, voortbestaan en die toekoms van ons vereis.
- Landbou en landbouers moet hulself bevry van negatiewe denke en denkwyses.
- Die landbousektor moet te alle tye deel van die oplossing wees…nie die een wat die probleem aanwakker nie.
- Dit is belangrik dat ons op die dade van politici sal let en nie net na hulle woorde sal luister nie.
- Baie politieke uitsprake is populistiese narratiewe, net 'n nuttige hulpmiddel vir oë verblindery of bloot 'n "toetsing van die water".
- Landbougrond in SA sal en gaan na alle waarskynlikheid 'n politieke speelbal bly.
- As SA met ander ontluikende lande vergelyk word, dan gaan dit relatief gesproke eintlik goed met SA. Brazilië loop byvoorbeeld deur onder baie erge korrupsie. Dinge kan baie vinnig in SA verander sodra politieke- en beleidsonsekerheid die wyk neem.
- Belegging in landbou en in ons besighede is 'n bydrae tot voedselsekerheid, wat bydra tot ons land se ekonomiese groei en die welvaart en verbeterde lewensomstandighede van ons mense. Dit werk heilsaam in op ons omgewing.
- Ons as landbouers en sakemense moet onthou, maak nie saak wat die politieke uitlatings is nie…die ekonomie móét en sál voortgaan en mense in SA moet bly eet. Vergeet van politieke "side shows". Kyk na die ekonomiese vraag en aanbod van die landbou, nie die van die politici nie. Die sommetjie wys die land en die wêreld het sy boere nodig.

Landbouers is almal leiers op hulle plase en in hulle eie besighede. Goeie leiers leef hul leierskap uit tot verheerliking van hul Skepper en besit die kuns om die onsigbare te sien. Wat is die uitkring effek? Ek sien 'n samevoeging van visionêre mense en visionêre denke vanuit elke sektor en groepering. Skep jou toekoms uit jou toekoms, nie uit jou verlede nie. Die vermoë om verby die horison te kan sien, is die een uitstaande kenmerk van ware visionêre mense. Kom ons gaan leef ons lewensroeping as landbouers met blymoedigheid en dankbaarheid uit.

# TWEE LEGENDES TREE UIT SSK DIREKSIE


Michael Dippenaar

Twee direkteure wat diep spore laat het vanjaar uitgetree uit die SSK Direksie. Michael Dippenaar is verkies in 1995 en dien dus 22 jaar op die Direksie. Hy was ook vir die laaste 6 jaar, sedert 2011, Voorsitter. Hy vertel dat in al hierdie jare daar wel soms verskille was in die Raadsaal, maar dat niemand ooit kwaad by die deur uit is nie. Die Tuinroete Agri transaksie en veral die gees waarin dit plaasgevind het, was vir hom een van die hoogtepunte gedurende hierdie 22 jaar.

Lafras Uys het vir 18 jaar op die Direksie gedien. Hy dink terug: "Wanneer jy daar in die direksiesaal sit, met al die voorgangers se foto's teen die mure, besef mens hoe vinnig die lewe by jou verby vlieg! Dit maak nie saak hoe ryk of hoe arm, hoe groot of hoe sterk, hoe flambojant of hoe vaal, aan die einde van die dag eindig ons almal op as slegs 'n portret teen die muur!"


Lafras Uys

# NUWE VOORSITTER EN ONDER VOORSITTER VIR SSK DIREKSIE

Dirk van Papendorp is by die Algemene Jaarvergadering aangewys as Voorsitter van die SSK Direksie. Hy dien reeds sedert 1999 op die Raad, waarvan die laaste 12 jaar as Onder-Voorsitter was.

**So verwoord hy sy visie vir SSK:** "SSK is in sy huidige vorm versprei oor 'n uitgestrekte area, waarin landbou oor 'n wye verkeidenheid bedryfstakke beoefen word. Die diversiteit hiervan word reeds gesien in ons beleggings in filiale wat die toekoms van ons gebied kan ontsluit en waarborg. Voeg hierby 'n kliëntebasis wat reeds baie wyer as die landbou strek en jy ontdek 'n resep vir ongekende groei in die volgende paar jaar. 'n Dinamiese groep jong lede is vir ons 'n riem onder die hart en onderskryf ons missie om verder in die landbou waardeketting te belê. Hulle maak ons opgewonde en laat ons glo in die toekoms van landbou.

Dit is vir hulle wat ons hierdie besigheid se groeipotensiaal ten volle wil ontgin en ontwikkel. Ek is trots om met SSK geassosieer te wees. Ons as direksie se deur staan oop vir ieder en elk wat saam met ons hierdie besigheid wil uitbou!"

**Schalk Viljoen wat in sy sesde jaar op die Raad dien is as Onder-Voorsitter aangewys. Sy visie is:** "Ek dink daar lê uitdagende, maar tog opwindende tye met groot geleenthede voor vir SSK en sy lede. Ons sal egter aanpasbaar moet wees by die veranderende omstandighede. Omdat SSK net uit boere lede bestaan, is die direksie by implikasie slegs 'n verlengstuk van die boere en is dit my strewe om die boer se belange op die hart te dra binne SSK, tot voordeel van die hele gemeenskap".


Dirk van Papendorp


Schalk Viljoen

Foto's: Marika Ackhurst

# ONS GROET 'N LEGENDE
# OOM NEIL ROBERTSON

FOKUS OP SSK LEDE

*Oom Neil Robertson van die plaas Uitsig in die Jonkersberg-distrik is op 21 Julie 2017 oorlede. Hy was vir 31 jaar vanaf 1963 tot 1994 Direkteur van die ou SWLK (Suidwestelike-distrikte Landbou Koöperasie) Raad. Hy dien vir 7 jaar (1987-1994) as Voorsitter van die Raad. Sy seun, Rikus was voor sy skielike dood in 2012 Voorsitter van die TRA Raad. Ons lig ons hoed vir 'n legende en plaas graag weer 'n artikel oor hom en sy oorlede vrou Héléne wat in die September 2010 weergawe van die Wenakker verskyn het.*

Dit is 'n goeie dag vir die Suid Kaap op 15 Julie 2010 toe ek Neil en Héléne Robertson op Uitkyk in die distrik Jonkersberg besoek. Dit het die heelnag gereën en in die plasse water op die grondpad drup die water nog eenstryk deur.

Neil en Héléne is by uitstek mens-mense, met 'n gasvryheid wat hulle huis warm maak op 'n koue wintersoggend. So drink ons tee en eet later sop en brood sonder om een oomblik op te hou praat oor toeka se dae, die sokker, rugby, Bakkies Botha en keer op keer weer oor die wonder van die reën wat buite val.

Neil is gebore op 13 Oktober 1925 en het as heelagter vir SWD uitgedraf. Dit was hoeka toe SWD teen Griekwas op Kimberley gespeel het dat die romanse begin blom het. Héléne onthou dat sy goeie maniere haar hart gesteel het. "Hy was nog altyd 'n gentleman".

Dié "gentleman" ry steeds op 85 jaar elke aand "quadbike" om te gaan kyk of sy "girls" (Jersey koeie) nie dalk gekalf het nie. Ook Héléne se hande staan vir niks verkeerd nie en sy kon deur die jare maklik die fort op die plaas hou wanneer Neil weg was.

Neil se oupagrootjie, Alfred George Robertson, was met 'n nooi Groenewald getroud wat 8 seuns en 1 dogter in die wêreld gebring het. Die plaas Uitkyk behoort geslagte lank aan die Robertsons en 'n kuiergas kan sien dat mens en dier daar gelukkig is.



Wyle Neil Robertson en sy kleinseun Shawne op sy geliefde viertrek, oppad na sy Jersey "girls" toe

Die verbintenis tussen die kooperasie en Neil Robertson strek ver terug. Na sy pa, Francis Henry Robertson se uittrede, was hy 31 jaar vanaf 1963 tot 1994 Direkteur, waarvan 7 jaar Voorsitter, van die ou SWLK (Suidwestelikedistrikte Landbou Koöperasie) Raad.

Met my vertrek soengroet ek hulle, want na die kuier voel hulle soos bloedfamilie. Voorwaar mense met 'n lewensvreugde wat ouerword soos kinderspeletjies laat lyk.

*- Annelie van Wyk*

## TECHNIFARM DIREKSIE



**Die Technifarm direksie op besoek aan Omnia se kunsmisaanleg in Sasolburg tydens 'n onlangse Technifarm direksievergadering:**
V.l.n.r Luks Odendaal (Technifarm), Dirk van Papendorp (Technifarm direkteur en SSK Voorsitter), Roelie Steyn (Omnia), Lourens Enslin (Technifarm Besturende Direkteur), Henk de Beer (Technifarm Direkteur en SSK Hoofbestuurder) en Nico de Kock (Technifarm en SSK Direkteur).
SSK, Omnia en Lourens Enslin is die aandeelhouers van Technifarm.

## PROCURO GRAIN DIREKSIE



**Procuro Grain het die eerste vrag mielies gelewer by die Aureus silo, Randfontein. Die Aureus silo het 'n kapasiteit van 22 000 ton. Die aandeelhouers in Procuro Grain is SSK, Overberg Agri en Unigrain.**
V.l.n.r staan van die Procuro Grain direkteure Hennie de Lange (Unigrain), Fraincois Joubert (Overberg Agri), Henk de Beer (SSK) en Johan Lusse (Overberg Agri).

## NUWE SENIOR KREDIETBESTUURDER: ANDRE JOUBERT



SSK is opgewonde oor die onlangse aanstelling van Andre Joubert as Senior Kredietbestuurder. Hy het B.Agric. Admin op Stellenbosch studeer en het in 2004 'n Honneursgraad in Landbou-ekonomie daar verwerf. Na sy studies was hy op die familieplaas, Joubertsdal, buite Swellendam werksaam voordat hy in Engeland en ook op die Falkland Eilande gaan werk het.

Terug in Suid-Afrika het hy onderskeidelik 5 jaar elk by FNB en ABSA as Landbou-ekonoom gewerk en omgesien na die Weskus sowel as die Overberg-distrik.

Andre is passievol oor landbou in al sy fasette: "SSK is 'n groeiende en dinamiese besigheid wat daarna streef om die boer se belange op die hart te dra. Dit gee daarom vir my die geleentheid om my passie vir landbou 100% te kan uitleef".

**Andre en Sunette Joubert met klein Milan**

# FOKUS OP: GERDUS STEYN (BESTUURDER: SAAD)

**VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN**
Ek is gebore in Riversdal, maar groot geword en gematrikuleer in Heidelberg. Ek is getroud met Suzanne, 'n gebore Bloubul, van Pretoria. (My oorredingsvermoë is gelukkig sterk en daar hang nou 'n Stormer trui in haar kas). Suzanne se pragtige dogter Bianka (13) bly by ons. (Sy is ook 'n Stormer).

**WAT DOEN JULLE GRAAG?**
Ons geniet die buite lewe, kamp en net lekker kuier saam met vriende. Ons stap of fliek ook graag. (Dit beteken dat ek soms 'n animasie fliek saam met Bianka moet kyk). Om tyd saam te spandeer is kosbaar en ek waardeer dit altyd.

**KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER**
Nadat ek in 1998 matrikuleer het, het ek vir 6 maande by Eureka Meulens, nou ook n filiaal van SSK, begin werk. Op 1 Junie 1999 het ek op Heidelberg by SSK as leerling-Graangradeerder begin werk en later geskuif na SSK Veevoervervaardigers te Karringmelksrivier.
In 2001 skuif ek na die Swellendam Silo's toe en slaag die SANSOR Saad Inspekteurskursus by die Pretoria Technikon. In 2015 word ek bevorder tot Bestuurder: Saad.

**WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?**
Ek dink elke dag is 'n prestasie, maar my bevordering as Bestuurder: Saad staan verseker uit. 'n Werknemer se uitkyk en gesindheid verander drasties as jy besef dat jy nou verantwoordelik is vir soveel meer en dat jy die sukses van jou afdeling moet bestuur. Dit is 'n plesier om saam met so 'n goeie span te kan werk. Ons hou te alle tye die "Werk saam, Wen saam" beginsel voor oë.

**WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?**
Ek hoop ek kan bydra om SSK Saad die voorste saadafdelings in die area te maak. Dit is werklik 'n voorreg om deel van SSK te wees. Ons koöperasie dra die produsent se belange op die hart, wat 'n groot bydrae maak tot SSK sukses.

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET EN VAN WIE?**
Die beste raad is sekerlik iets wat my Pa my geleer het: niks in die lewe kom vanself en slegs met harde werk en toewyding sal jy die vrugte pluk. Hy het my ook van kleins af geleer dat jy altyd



moet nederig bly en jouself nie belangriker as iemand anders moet ag nie.

**IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?**
Ek is redelik fanaties oor sport en is 'n groot Stormer ondersteuner. Dit was egter nie altyd so nie. Op skool was ek sekerlik die grootste Blou Bul ondersteuner wat jy kon kry, en die Blou Bul trui hang steeds in my kas.




SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

## LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** BJP Swart

**25 JAAR:** J A de Lange

**20 JAAR:** S Mouton, J Chaka

**10 JAAR:** E S Esau, J B Cameron, P J Hofman, J Matroos, M Fienies, C Sander, M Lombard, C Geldenhuys, L de Wet, S May, P Elbrink, MH Beyers

# KNYSNA AUGUSTUS 2017: ‘N MOOI STORIE

Dit is nou drie maande na, wat vir altyd in die geskiedenis bekend gaan staan as die “Knysna brande”. SSK wil graag ons lede, kliënte en personeel bedank vir die skenkings (goedere en fondse) ontvang. Ons is 'n aktiewe rolspeler in Knysna se gemeenskap en die welstand van die dorp en omgewing is vir ons krities. Die skenkings van klere, toiletware, kos, beddegoed, ens. was omvangryk – bakkie- en lorrie vragte is daagliks afgelaai in Knysna. Addisioneel tot hierdie goedere skenkings is daar reeds R320 000 se fondse geskenk wat deur SSK geadministreer word. Elke sent word oordeelkundig aangewend tot waar die grootste behoefte bestaan.


Villiers van Veen, SSK Hoofbestuur Finansies en Admin, glo dat die gebeure weer gewys het dat “Ons as Suid-Kapenaars/Suid-Afrikaners saam kan staan om mekaar te help. Ons is trots op ons personeel, lede en kliënte en nederig dankbaar om by die hulpproses betrokke te kon wees. Ons almal gaan Knysna gou weer op sy voete kry. Werk saam, wen saam”.

'n Mooi storie is die van Louis Bothma, kabinet- en meubelmaker van Knysna. Dalena Wolmerans, 'n houthandelaar van Knysna, vertel dat 'n SSK lid haar na die brand geskakel het en anoniem geld geskenk het. Hy het geweet dat Dalena die behoeftes in Knysna verstaan en versoek dat sy die geld skenk vir 'n hulpbehoewende.

In daardie dae bel Louis Bothma haar en vra of sy dalk akkerhout van 'n gevalle boom by hom wil koop. Met haar besoek sien sy dat sy stoor met al sy houtwerkgereedskap afgebrand het. Sy besluit toe om die SSK lid se geld aan Louis te skenk en gee terugvoer vir die weldoener hieroor. Hy bied toe aan om addisioneel vir Louis broodnodige houtwerk-gereedskap te koop, wat Louis kon gaan uitsoek by AgriLand Knysna.

Met my besoek aan hom raak hy steeds bewoë as hy vertel van hoe hy die goedheid en guns van ‘n mens beleef het. Dis hierdie tipe mooi stories wat nou uit Knysna vertel word, wat ons almal se geloof in die toekoms van ons land versterk. Ons het meer sulke mooi stories nodig...

*- Annelie van Wyk*



Louis Bothma

# AGRILAND TAKBESTUURDERS KONFERENSIE JULIE 2017



**Trotse AgriLanders.** Jaco Jonker (Takbestuurder Pakmateriaal), Dewald Meyer (Takbestuurder Twee Riviere), Gertjie Odendaal (Veldbemarker), Gerhard van Jaarsveld (Veldbemarker), Cora de Beer (Hoof Winkelverkope George), Deon le Roux (Veldbemarker: Verf), Corney Kuhn (Takbestuurder Krakeel).



**Met hulle werk en wen ons saam.** Kobus Swart (Takbestuurder Noll), Hennie Rheeder (Takbestuurder Aberdeen), Rodney Baadjies (Takbestuurder Plettenbergbaai), Isabel Geldenhuys (Takbestuurder Mosselbaai), Pieter Jansen (Takbestuurder Herold), Vlok Bauermeister (Veldbemarker), Nelius van Zyl (Takbestuurder Robertson)



**Die span wat die beste roosterkoeke gebak het met Eureka se nuwe roosterkoekmengsel.** V.l.n.r. Kerneels Otto (Verkoopsbestuurder, Atlantic Oil), Oeloff Badenhorst (Hoofbestuurder Handel), Lizl Steinberg (Veldbemarker), Michael Amos (Delish), Karen Nel (Produkreeksbestuurder), Sune Levendal (Senior Admin beampte), Nastasia Botha (Senior Winkelbemarker, Mosselbaai), Andre Burger (Senior Bestuurder Handel).





**AgriLand in werking.** Wiehan van der Merwe (Tegniese Adviseur: Besproeiing), JJ Holtzhausen (Veldbemarker), Francois Moller (Takbestuurder Swellendam), Jonelle Fiet (Takbestuurder Riversdal), Mervyn Schamrel (Takbestuurder Uniondale), Hencor Combrink (Hoof Winkelverkope Swellendam)

# TOP 10 WYNE


**DER KELDERMEISTER**

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. 1659 Red Blend
5. Beyerskloof Pinotage
6. Leopard's Leap Cabernet Sauvignon / Merlot
7. Excelsior Purebred Red
8. Van Loveren Neil's Pick Colombar
9. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
10. 1659 Sauvignon Blanc

## REËNVAL IN STREKE

| | JUN | JUL |
|---|---|---|
| Aberdeen | 0mm | 4mm |
| Albertinia | 24mm | 19mm |
| Ashton | 32mm | 33mm |
| Avontuur | 23mm | 16mm |
| George | 14mm | 36mm |
| Heidelberg | 31mm | 24mm |
| Herold | 4mm | 21mm |
| Joubertina | 0.1mm | 8mm |
| Karringmelks | 27mm | 30mm |
| Knysna | 12mm | 36mm |
| Misgund | 0.4mm | 13mm |
| Mosselbaai | 19mm | 18mm |
| Protem | 30mm | 25mm |
| Plettenbergbaai | 12mm | 19mm |
| Riversdal | 22mm | 19mm |
| Swellendam | 29mm | 22mm |

*Ons is dankbaar oor die goeie reën wat einde Augustus in ons bedieningsarea geval het!*




# TWEEDEHANDSE TOERUSTING

**KOBUS VAN WYK 028 514 8777**

**MISDAM ROERDER**



R32,000 + BTW

**SAKLAAIER EN BAALVURK**



R10,500 + BTW

**20 TON VANGKAR**



R365,000 + BTW

**WATERKAR**



VERSKEIE TENKGROOTTES MOTOR/POMP GROOTTES EN PYP DIKTES BESKIKBAAR – PRYS OP AANVRAAG

SSK
SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE BPK • LTD

# Hessequa ABATTOIR
die tuiste van kwaliteit lam

HESSEQUA ABATTOIR EDMS BPK REG: 2006/027524/07 BTW: 4310234820

Omvattende uitbreidings is tans by Hessequa Abbatoir aan die gang, wat die aanleg se kapasiteit en produktiwiteit aansienlik gaan verhoog. Slagvee word alreeds van buite SSK gebied in die groter Karoo area gewerf. SSK lede en produsente word aangemoedig om hierdie filiaal tot hulle voordeel te benut en geleenthede ten volle te ontgin.



Skakel gerus vir Anton Swart by 082 443 1740 of John Charles Swart by 076 658 2484 vir meer inligting.



# Langkloof Boeredag
27 Oktober 2017
Seminaar & Landbou Expo met Uitstallers

**Plek:** George McLachlan Saal, Joubertina Sportgronde

**Registrasie fooi R350 pp**
Registrasie fooi sluit in: Steakbraai ete
(vir borge, uitstallers en alle boeredag registrasies)
Donderdag 26 Oktober; Tyd: 19h00
*Kontantkroeg beskikbaar*

**PLUS** Boeredag seminaar
Vrydag 27 Oktober
08h00 - 14h00

**Hoofspreker:**
Joey Evans (Dakar Motorcyclist)
From Para to Dakar -
"My journey from breaking my neck leaving me paralysed for 10 years to finishing the Dakar Rally in 2017"

**Ander:**
Henning Gericke - *SSK / / Agriland*
Iwan Labuschagne - *Provar*
Vanessa Moodley - *Omnia*
Jacques Fouché - *Nexus*

Navrae:
Di Pienaar (0823766240)
Marina Kritzinger (0836608247)




## GESKIEDENIS

SSK Veevoer Vervaar-digers (Edms) Bpk, is oorspronklik gestig in 2000 met die primêre doel om 'n stabiele mark vir voergars vir SSK lede, graanprodusente en melkboere te skep. Ander belangrike oorwegings destyds, was die beter benutting van die SSK infrastruktuur en bestaande personeel. In die vroeë 2000's het SSK moutgars-produsente heelwat afkeurings van hul moutgars na voergars gehad. Die prysverskil tussen die twee produkte was groot en die lae voergarsprys het garsboere geknou en natuurlik ook vir SSK risiko's ingehou. Na 'n ondersoek getiteld " 'n Ondersoek na die potensiaal van voergarsproduksie in die bedieningsgebied van SSK" deur die landboukundige span van SSK van daardie tyd - Casper Swart, Wynand Bronn en Henk de Beer, is 'n projek vir die bou van 'n Veevoeraanleg te Karringmelksrivier deur die destydse Direksie goedgekeur. So het SSK, onder lisensie van Epol, begin om suiwelvoere te vervaardig en te lewer. Die aanvanklike produksie was in daardie tyd ongeveer 600 tot 800 ton per maand in 'n aanleg met 'n kapasiteit van sowat 1800 ton per maand.

## INKORPORERING BY SSK

Volgens Henk de Beer, Hoofbestuurder, was dit moeilike tye en sente is twee of drie keer omgedraai om dinge aan die gang te hou. "Verskeie faktore, onder andere die be-eindiging van die alliansie met Epol en ander belangrike strategiese oorwegings het gelei tot die inkorporering van die Maatskappy as 'n volwaardige SSK afdeling in 2015. SSK het deur die jare deurentyd aan die aanleg verbeter en uitgebrei tot die rekordproduksievlakke van om en by 3300 ton per maand wat onlangs behaal is. Ironies genoeg produseer niemand deesdae voergars, die oorspronklike doel van die ondersoek, nie en maak die aanleg feitlik uitsluitlik van mielies as primêre grondstof gebruik".

## PRODUCTS

The division aim to use, as far as possible, locally produced raw materials in the composition of its rations. The division has, since its inception, managed to secure a stable domestic market for products like feed barley, triticale and yellow maize. It was instrumental in procuring the prices that local grain producers have received for these products over the past few seasons.

## RATION FORMULATION

All raw materials are properly rated and continuously analysed in a laboratory to ensure that the composition, especially in terms of protein content, is above reproach. Ration formulation is done by using "Format International's" minimum-cost-ration-formulation package. This computer package is utilized by most major feed companies and ensure optimal formulation at a minimum cost. The division seeks to continuously apply and utilize the latest research results in formulating rations.

Die afweeg van grondstowwe en vermenging daarvan word vanuit 'n sentrale kontrole kamer met behulp van 'n rekenaar beheer. Rekenaar uitdrukke word van elke mengsel gemaak en monsters van die klaar gemengde voer word op 'n gereelde basis ontleed. Sodoende word menslike foute beperk en produkte van hoë en eenvormige kwaliteit verseker.


## AFLEWERING

Die aanleg is ingerig om meel en pille in losmaat of sakke te vervaardig. Afleweringsfasiliteite vir losmaat, (minimum 6 ton), sowel as sakke, (minimum 8 ton), is beskikbaar. Lede en kliënte het natuurlik ook die opsie om self hul voer by die aanleg te kom afhaal.

## VOORDELE VIR SSK LEDE EN KLIËNTE

Vandag is die SSK voer se kwaliteit van die hoogste gehalte en meerendeels ook van die kompeterendste in die mark. Henk de Beer voeg by: "Ons roem ons ook daarop dat SSK 'n prysplafon in die mark tot voordeel van ons suiwelprodusente skep en dat voer vervaardigers in dieselfde streek altyd SSK se prys in gedagte moet neem in hul prysbeleid. Heelwat van die oorspronklike personeel wat ons in die vroeër jare aangestel het is steeds in ons diens en is van SSK se lojaalste werknemers".

Skakel gerus vir Adam van Wyk:
Senior Bestuurder Bedrywe by
028 514 8608 / 082 292 2244 of
e-pos: adam.vanwyk@ssk.co.za





# MENSE EN DINGE



Oeloff Badenhorst, Hoofbestuurder: Handel verlaat ons einde Augustus na 14 jaar diens. Ons wens hom en sy gesin alle voorspoed toe met sy nuwe uitdaging as entrepreneur

## NAMPO 2017



By die SSK, Degelman uitstalling, Nampo 2017: V.l.n.r. Boris Bulyshev (Degelman Bestuurder: Uitvoere, Ukraine), Christo Visser (SSK), Laird McLoed (Degelman Verkoopsbestuurder, Kanada) Henk de Beer (SSK) en Dmitry Sredin (Degelman, Ukraine). In die agtergrond is 'n Pro-Till ontwerp, geskik om 'n perfekte saadbed te skep.

## VONKELVROUEDAG OP MOSSELBAAI







Agter v.l.n.r. Helene van Zyl, Magda Uys, Yolandè Cronjè, Joey van der Vyver, Salomè Oosthuizen, Juliana Grobler en Irma Oosthuizen. Voor v.l.n.r. Annelie van Wyk, Isabel Geldenhuys, Carol Prins, Carina Muller en Rolene Oosthuizen




Vonkelvrou en Takbestuurder van AgriLand Mosselbaai: Isabel Geldenhuys



Annemarie van Zyl, Maretha Bosman, Suzanne Jonker en Sonia Gelderman.






## MAKELAARS TOEKENNING: 2016



**SSK is onlangs deur Santam vereer met 'n Goue Toekenning in die Worcester Area vir uitnemende prestasie in die 2016 finansiële jaar. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat SSK 'n goue toekenning ontvang. SSK Versekering ontvang hierdie toekenning vir uitnemende bydrae tot landbou-, kommersiële - en ook persoonlike versekering.**

V.l.n.r: Abrie Jooste (SSK Versekeringsadviseur), James Ackhurst (SSK Versekeringsbestuurder), Retha Schreuder (Santam Verhoudingsbestuurder) en Bertus Kloppers (Santam Streeksbestuurder). Afwesig: Carola Koekemoer (SSK Versekeringsadviseur).

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: (044) 601 1200 | Annelie.vanWyk@ssk.co.za
Renaissance Design & Print Studio (044) 691 3764